**Vrydag 15 April**

**Skrifgedeelte: Job 39:1-33**
**Fokusgedeelte: Job 39:1**

## Kan jy …?

Waar hoofstuk 38 gefokus het op God wat optree soos Hy wíl, fokus hoofstuk 39 op God wat kán. Dit is so dat God Job nie gelos het aan die einde van hoofstuk 38 nie.

Daar is en behoort dieper groei by hom te kom. Job moet nie net leer uit God wat vry is om te doen soos Hy wil nie. Job moet raaksien dat God baie meer kan doen as wat ons dink of sê of doen …

Vandaar dié klompie vrae: Kan jy vir die leeu ’n prooi vang? Wie gee vir die kraai die kos wat hy vir sy kleintjies nodig het? Ken jy die tyd wanneer die klipspringers lam? Wie gee aan die wilde donkie sy vryheid? Sal die buffel gewillig wees om vir jou te werk? Al het God vir die volstruis nie wysheid en verstand gegee nie, hardloop sy ten spyte daarvan die bes-afgerigte oorlogsperd in!

Wil jy dan nog met die almagtige God meeding en met Hom in ’n twisgesprek tree? Hy is dan die almagtige God wat alles haarfyn beplan het en selfs die kleinste en onbeduidendste skepseltjie versorg?

Fokus op Hom en bewonder Hom eerder vir sy grootheid en almag as Persoon, in plaas daarvan om beterweterig teenoor Hom te wees. Erken Hom vir Wie Hy is en leef só uit sy hand!

Hy het ons deur Jesus Christus se bloed aan die kruis versoen! Deur Hom kan ons die almagtige God ons Vader noem en met vertroue uit Hom lewe!

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*